

U onderneming en die Verbruiker Beskermingswet

Die WET OP VERBRUIKERSBESKERMING 68 van 2008 ("die CPA" en/of "die Wet") het in werking gekom op die 1ste April 2011 met die hooftokus om verbruikers te beskerm en om 'n billike, toeganklike en volhoubare handelsmerk daar te stel. Dit het ook 'n impak op die manier wat vervaardigers, verskaffers en kleinhandelaars sake doen. Die CPA sit 'n verskeidenheid fundamentele verbruikersregte sowel as maniere om hierdie regte te beskerm, uiteen.

Die CPA plaas 'n verpligting op besigheidseienaars om nie net bewus te wees van die implikasies van die Wet nie, maar ook om te verseker dat die besigheid se terme en voorwaardes in lyn met die vereistes van die Wet is. Die Wet se uitdruklike doel is om te verseker dat verbruikers nie onregverdig behandel word nie – doelbewus of nie. Dit beteken dat die gebruik van gewone taal meer noodsaaklik as ooit is. Van nou af word die gebruik van vae en verwarrende bewoording, veral in kontrakte, nie toegelaat nie. Eenvoudig gestel, dit is onwettig!

Die Wet definieer "verstaanbare taal" soos volg:



"Vir die doeleindes van hierdie Wet, is 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling in gewone taal indien dit redelik is om te aanvaar dat van 'n gewone verbruiker van die klas van persone vir wie die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding as 'n verbruiker van die betrokke goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die dokument, kennisgewing of visuele voorstelling sonder onnodige inspanning te verstaan."

Dit beteken dat daar nie toegelaat sal word om dinge so wyd te bewoord dat dit op verskeie maniere verstaan kan word nie. Die Wet bepaal dat as daar enige twyfel oor die betekenis van sekere woorde of terme en voorwaardes is, die voordeel sal gaan aan die verbruiker.

Een van die mees gereelde vrae wat verbruikers vra is wanneer goedere onder die CPA terugbesorg kan word. Daar is verskeie afdelings wat verbruikers toelaat om goedere na die verskaffers terug te neem. Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar geen algemene reg van teruggee is nie. Byvoorbeeld, wanneer u 'n item by 'n winkel koop en die volgende dag spyt is dat u soveel geld spandeer het, of u eenvoudig nie hou van die item in die oggend nie, kan u nie die item teruggee bloot omdat u nou anders daarvoor voel nie.

Sommige kleinhandelaars laat dit toe, maar dit is nie u wettige reg nie. 'n keuseverandering is nie 'n wettige rede om 'n item terug te gee nie.

Wanneer word dit dan toegelaat om goedere terug te gee? Daar is slegs vier gevalle wanneer goedere onder die CPA teruggegee mag word :

• **Die direkte bemerking afkoelingstydperk.**

Indien 'n verbruiker goedere gekoop het as gevolg van direkte bemerking, het die verbruiker die reg om die hele ooreenkoms te kanselleer sonder 'n boete, indien goedere binne vyf dae na ontvangs van die goedere, teruggegee is, ingevolge artikel 16 van die CPA. Die verbruiker sal ook geregtig wees op 'n volle terugbetaling. Die verbruiker sal egter die koste dra van die terughandiging van die goedere.

• **Goedere wat nie gesien is voor aankoop nie.**

Ingevolge artikel 20 (saamgelees met artikel 19) van die CPA, is 'n verbruiker geregtig daarop om die goedere **op lewering** te inspekteer indien hy nie die geleentheid gehad het om **die werklike goedere** ontvang voor aankoop te inspekteer nie. As die verbruiker met hierdie aanvanklike inspeksie bevind dat die goedere nie voldoen aan die 'tipe' of 'gehalte' wat redelikerwys verwag kon word uit die ooreenkoms nie of indien die goedere ingevolge 'n spesiale of 'persoonlike' voorkeur gemaak was, en die goedere nie redelikerwys voldoen aan die spesifikasies van die bestelling nie, mag:

1. die verbruiker die aflewering weier,
2. 'n volle terugbetaling ontvang en
3. die verbruiker mag die ooreenkoms kanselleer sonder 'n boete.

Die verskaffer sal aanspreeklik wees vir die koste van die teruggee van die goedere in hierdie geval.

• **Goedere voldoen nie aan hul bepaalde doel nie.**

Sou 'n verbruiker 'n verskaffer meedeel dat goedere gekoop word om 'n spesifieke doel te vervul en die verskaffer hom adviseer dat die goedere sal voldoen aan hierdie spesifieke doel, mag die verbruiker kanselleer sonder 'n boete en die goedere teruggee as dit nie geskik is vir die spesifieke doel nie en dit **binne tien dae na ontvangs van die goedere**, volgens Artikel 55(3) (saamgelees met artikel 20) van die CPA. Die verskaffer sal ook in hierdie geval aanspreeklik gehou word vir die koste van die teruggee van die goedere.

Dit is belangrik om daarop te let dat die verbruiker **nie geregtig sal wees om goedere terug te gee** vir enige van die redes verduidelik in 1 tot 3 hierbo nie, indien:

- openbare gesondheid of openbare regulasie die teruggee van daardie goedere aan 'n verskaffer verbied nadat dit aan 'n verbruiker voorsien is of
- die goedere gedeeltelik of geheel en al uitmekaar gehaal, verander, bygevoeg of gekombineer is met ander goedere of eiendom nadat dit aan 'n verbruiker gelewer is.

• **Geïmpliseerde waarborg van gehalte.**

Ingevolge artikel 56 (saamgelees met artikel 55) van die CPA, word alle goedere wat aan 'n verbruiker verkoop word, verkoop met 'n geïmpliseerde waarborg van gehalte, wat nie uitgekonnekteer of herroep kan word nie. Die waarborg gee die verbruiker die reg om goedere te ontvang wat:

- redelik geskik is vir die doel waarvoor dit bedoel is om gebruik te word,
- van goeie gehalte is, vry van gebreke en in goeie werkende toestand en
- duursaam en bruikbaar sal wees vir 'n redelike tydperk.

Jou vennoot	vir 'n verskeidenheid van omvattende rekeningkundige & finansiële dienste
Ons bied die volgende dienste:	
• Maatskappy/ Besigheid registrasie • Trust administrasie • Boedelbeplanning en testamente	• Boekhouding • Bestuurs- en finansiële state • Belasting dienste • Sekretariële dienste
 www.bvsa.ltd	 info@bvsa.ltd

Indien dit bevind word dat goedere nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kan die verbruiker dan die goedere terugbesorg, laat vervang of herstel binne ses maande na ontvangs van die goedere. Enige van die bogenoemde aksies behoort sonder boetes te wees vir die verbruiker, teen die verskaffers se koste.

'n Algemene "voetstoots" klousule sal onvoldoende wees. 'n Verbruiker sal egter nie in staat wees om die goedere terug te gee omdat dit foutief of nie geskik vir die doel was nie, as:

- Die verbruiker bewus gemaak is van die spesifieke gebreke en
- die verbruiker ingestem het om die goedere in die spesifieke toestand te ontvang.

As gevolg van die feit dat 'n verskaffer melding moet maak van die spesifieke gebreke, sal 'n algemene 'voetstoots' klousule onvoldoende wees om uit die artikel 56 waarborg te kom.

Elke besigheid vereis sorgvuldige ondersoek van sy spesifieke verhouding met verbruikers ten einde toepaslike bepalinge en voorwaardes te ontwikkel wat nie net met die onderneming se unieke omstandighede ooreenstem nie, maar ook bepaal watter transaksies binne die bestek van die Wet val.

Marguerite Greeff

Vir meer inligting kontak BVSA
Regsdienste by legal@bvsa.ltd

Vrywaring: Die materiaal vervat in hierdie dokument word slegs voorsien vir algemene inligtingdoeleindes en maak nie deel uit van regsadvies nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag ontstaan as gevolg van afhanklikheid van inligting vervat in hierdie artikel nie.

Waar om te belê vir 'n beter finansiële toekoms.

Inflasie bly die grootste bedreiging vir beleggers omdat dit geld se koopkrag verswak.

Teen 'n inflasiekoers van 6% sal bedrag van R10 000 oor twintig jaar slegs R3 002 werd wees. Teen 9% inflasie verminder die bedrag na R1 641.

Hoe verseker u dat u belegging opbrengste lewer wat teen inflasie bestand is?



• Geldmarkte en langtermyn rentedraende beleggings (verbande):

Hierdie beleggings het sinoniem geraak met veilige en betroubare beleggings. Dit is hoogs vloeibaar - wat beteken dat dit baie maklik is om kontant te trek wanneer u dit nodig het.

Hoewel dit 'n baie lae risiko instrument is, is dit nie heeltemal risikovry nie. Wanneer kontant vir lang periodes in hierdie beleggings gehou word, word dit blootgestel aan inflasierisiko. Die werklikheid is dat, as mense langer leef, raak hul opgeboude aftreefondse vinnig onvoldoende vir ondersteuning in hul latere jare. Reële groei (groei ná inflasie) van ongeveer 2% is nie genoeg nie, veral as belasting implikasies oorweeg word. Geldmarkte genereer rente wat beteken dat enige groei (rente) onderworpe is aan inkomstebelasting.

• Groeiende bates: aandele en eiendom

Die tradisionele bateklasse is aandele, effekte, kontant en eiendom. Aandele en eiendom, asook genoteerde eiendom, word beskou as groeiende bates. Oor die algemeen word van groeiende bates verwag om opbrengste te bied in die vorm van kapitaalgroei en aansienlike inflasiebeheer oor langer periodes. Hulle bied groter potensiele opbrengste, maar is geneig tot markskommeling, veral in die korttermyn en word dus na verwys as hoër risiko.

Dus, wat sal u kies? Geldmarkte en verbande, of groeiende bates?

Beleggers kan belê in 'n gediversifiseerde effektrustportefeulje wat blootstelling bied aan alle bateklasse. Beleggers kan ook die persentasie toekenning aan elke bateklas kies, ten einde 'n baie konserwatiewe, matige of aggressiewe benadering te volg, waar elkeen verskillende risiko-/opbrengsverhoudings bied.

'n Konserwatiewe belegger sal byvoorbeeld blootstelling van nie hoër as 30% aan aandele kies, terwyl 'n aggressiewe belegger meer as 60% sal verkies.



Lees gerus ons nuutste artikel op bladsy 58 van die Maart uitgawe van die Agri Kultureur tydskrif

LEES AANLYN

Die batetoewysing van die portefeulje kan hersien word ten einde te verseker dat die risiko benadering in lyn bly met die beleggers se veranderende omstandighede.

BVSA finansiële dienste bied spesialis advies om u welvaart te help groei en bestuur..

Ons verskaf advies oor binnelandse en internasionale beleggings. Kontak ons vir 'n afspraak.

Alida Roos

BVSA Finansiële Dienste

	1 jaar tot 30 Oktober 2017	5 jaar tot 30 Oktober 2017	10 jaar tot 30 Oktober 2017
Genoteerde eiendom	11.06%	14.05%	13.59%
Alle aandele indeks	18.60%	12.77%	9.85%
Geldmarkte	0,071	6.14%	6.90%
Rentedraende korttermyn	8.82%	8.06%	8.97%
Inflasie	5.04%	5.51%	5.88%